# *Gelei Deur Die Gees*

Kom ons bly nou staan vir ’n woord van gebed.

2 O Here, ons is dankbaar teenoor U vanaand vir hierdie groot geleentheid om na U toe te kom, en U ons Vader te noem. O, wat ’n voorreg vir ’n sterfling om God sy Vader te noem! Dit is alles moontlik gemaak deur die liefde van U geliefde Seun en Sy offer toe Hy op Gólgota gesterf het om hierdie gevalle ras van Adam terug te verlos na God. En ons is so dankbaar teenoor U vanaand dat U Hom ooit gestuur het. En ons bid dat Sy Gees, wat nou met ons is, ons sal seën in die verdere deel van hierdie diens, seën die swak pogings wat ons aangewend het om Sy Naam te verheerlik.

3 Red die verlorenes, Here. Laat hulle vanaand hulle ernstige toestande besef om weg te wees van God in hierdie groot, donker uur waarin ons lewe. Mag hulle terugkom, as hulle ooit Jesus as hulle Verlosser aanvaar het, mag hulle vanaand vinnig terugkom en Hom weer ontmoet. Ek is seker Hy sal met uitgestrekte arms staan en wag. Mag iets gedoen of gesê word vanaand wat hulle sal laat optree op hierdie manier.

4 En ons bid vir die siekes en beproefdes, dat die Teenwoordigheid van die Heilige Gees geloof sal bring na die mense se harte, dat hulle hulle genesing kan aanvaar wat Jesus hulle gegee het omtrent negentienhonderd jaar gelede toe Hy gegésel is by, in Pilatus se oordeelsaal.

5 Vergewe ons ons tekortkominge, ons ongeloof, plaas dit onder Sy Bloed. Wanneer ons vanaand vertrek, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmáüs af gekom het: “Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het nie?” Want ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

6 Mag maar sit. Ek het net ’n rukkie gelede laat vanaand, of middag, liewer, gepraat met klein Ricky se pa, en hulle gaan vir klein Ricky Donderdagaand hier op die platvorm hê. Ek is seker julle sal almal bly wees om vir klein Ricky te sien, dis die een waarvan ons gisteraand getuig het, hulle gaan hom bring. Hy was ’n hopelose geval, die dokters het hom opgegee met kanker, en selfs tot sy tongetjie uit sy mond uitgesteek het, en sy gesiggie opgeswel was. En die Here Jesus het hom onmiddellik aangeraak, en hy lewe vandag. Sy pa was gisteraand hier, en gaan hom Donderdagaand saam met die ma bring, hier op die platvorm, as die Here wil.

7 Ek het julle so laat uitgelaat elke aand totdat ek soort van skaam voel vir myself, so ek gaan gou maak vanaand en probeer om die gebedsry deur te kry.

8 Ek wil graag lees vir ’n klein aanhaling, wat ek net ’n paar oomblikke sal neem om te probeer om ’n konteks rondom hierdie

op te bou wat ek lees vir 'n teks, ek wil lees uit Lukas, die 2de hoofstuk, die 25ste vers. Lui soos hierdie:

> *En daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Símeon;. . .hierdie. . .was regverdig en vroom, en het die vertroosting van Israel verwag: en die Heilige Gees was op hom.*

9 Ons toneel open vanaand in daardie groot, historiese stad van Jerusalem, omtrent tweeduisend jaar gelede. Laat ons soort van glo dit was op Maandagoggend net na 'n groot dag van aanbidding. En omdat daar in Palestina op daardie tyd, omtrent tweemiljoen Jode was, so daar. . .

10 Hulle was baie godsdienstig, vroom in hulle wette. En dit was 'n wet wat vir hulle gegee is, dat nadat 'n baba gebore is, manlik, na agt dae moes dit besny word; en dan moet die moeder 'n offer bring vir haar suiwering, vir haar reiniging.

11 En omdat daar soveel kinders, of, soveel mense in Jerusalem was op daardie tyd, en die streke rondom, moes daar elke oggend 'n lang ry vroue gewees het wat gereed gestaan het om hulle offerande te offer vir hulle reiniging van hulle baba, van hulleself na—na hulle die baba gehad het.

12 En vanmôre was geen uitsondering nie, daar moes 'n groot, lang ry vroue gewees het. En hulle het, miskien, gepraat net soos moeders maak, en hulle babatjies gehad. En elkeen is die mooiste, klein babatjie in die wêreld, natuurlik, soos alle moeders dink van hulle babas, en hulle behoort so te dink. En baie het opgetooi gekom, julle weet, vir hierdie groot gebeurtenis.

13 En hulle wat in staat was om so-iets te bekostig, 'n lam is voorsien vir die offer, dit was vir 'n familie wat in staat was om, so-iets kon bekostig, maar as die familie arm was en nie 'n lam kon bekostig nie, sou 'n tortelduif net so goed wees.

14 Ek kan sien onder langs daardie lang ry vrou aan die kant van die tempel, mooi, klein baadjies gemaak vir babatjies vir. . . hulle kousies, ensovoorts, soos moeders daarvan hou om hulle aan te trek, hulle het gewag vir die gebeurtenis. En dit moes 'n dramatiese gesig gewees het om hierdie dop te hou.

15 Maar hierdie môre, ver onder in die ry, sien ek 'n dametjie, ons sou haar skat op, sê, omtrent sestien, agtien jaar oud. En sy het 'n tortelduif of twee in haar hande gehad vir haar reiniging. En ons let op die Babatjie wat sy gedra het, het nie 'n klein, blou baadjie, of klein, naaldwerkkleertjies aangehad nie, maar ek let op Dis toegedraai in sweetdoeke.

16 En as ek die regte begrip het van waarin hierdie Baba toegedraai was, was iets wat hulle van die agterkant van 'n—'n juk van 'n os afgehaal het, wat in die stal gehang het, 'n klein stalletjie in Betlehem waar Dit gebore is.

17 En, natuurlik, hierdie dametjie, sy wat geglo is om te wees, hierdie Baba wat buite die heilige eg gebore is, julle kan julle voorstel hoe die vroue gevoel het: "Julle moet wegbly van haar af, want sy's eintlik . . . daardie baba is nie eintlik binne die heilige eg gebore nie, want sy sou ma word voor sy en Josef getroud is," hulle het weggebly. Maar tog in daardie klein, Joodse vroutjie se arms, het sy 'n Skat gehad wat sy geweet het waar Dit vandaan gekom het.

18 En ek dink dis hoe dit vanaand is vir almal wat ooit vir Christus ontvang het. Hulle mag soort van geëkskommunikeer word van hulle medemense en van wat die gewildheid van die wêreld genoem word, en hulle mag dalk nie so gewild wees onder die—die belangrike mense van die wêreld soos hulle—soos hulle sou wees, miskien, kon gewees het nie, maar onder in elke persoon se hart wat Christus ooit vasgehou het, weet hulle wat hulle vashou. Somtyds moet hulle 'n naam dra as 'n fanatikus, en dit was so dat die duiwel partykeer daardie belaglike naam van holy-roller geplaas het, maak nie saak watter soort naam hulle moet dra nie, hulle weet wat hulle vashou.

19 Dit het nie vir klein Maria gepla, soos sy na haar klein Babatjie gekyk en Hom op die ken getik het met haar vingers om Sy mooi, glimlaggie oor Sy gesig te sien nie. Maak nie saak hoe ver hulle van haar af weggebly het nie, sy het geweet wat sy gehad het. Dis hoe dit vanaand is met Christene, hulle weet wat hulle het wanneer hulle Christus ooit in hulle hart ingeneem het.

20 Nou, die tyd het gekom waar daar nie te veel gelowiges oor was nie, maar God het altyd 'n oorblyfsel van mense gehad wat Hom geglo het. En daar word vir ons vertel dat daar 'n ou man in Jerusalem was op daardie tyd met die naam van Símeon, en hy was 'n bekende, ou kêrel, hy was 'n leraar, 'n meester in Israel. Kom ons sê hy sou omtrent tagtig jaar oud wees, lang wit baard wat afgehang het, en sy hare, maar hy was 'n vroom man, hy was 'n man wat God geglo en gewag het vir God om Sy belofte te vervul.

21 Ek wil graag net 'n oomblik hier stop om dit te sê: As jy 'n belofte vir enigiemand maak, is jy verbind tot daardie belofte, en as jy 'n eerbare man of vrou is, sal jy alles doen wat jy kan om daardie belofte na te kom. Maar dit kan wees dat iets kan gebeur dat jy dit nie kan nakom nie. Maar het julle geweet God is meer verplig om Sy belofte na te kom as wat julle is? Wanneer God 'n belofte maak, moet Hy dit nakom om God te wees, elke belofte wat Hy maak, is waar, en Hy het 'n verpligting teenoor daardie belofte. As julle dit in gedagte sal hou terwyl julle deur hierdie gebedsry gaan vanaand, sal daar iets met julle gebeur, om te weet dat God nie 'n belofte kan maak en nie daarby kan bly nie, Hy moet.

22 En Hy—Hy weet alles, so Hy's oneindig. Ons is eindig en kan

’n belofte maak en moet dit terugtrek, maar Hy kan nie, want Hy’s volmaak, Hy weet alles, die einde van die begin af, so Hy moet Sy belofte nakom. En Hy het altyd iemand wat dit sal glo. God, laat my een van daardie wees! Maak nie saak hoeveel jy gekritiseer en voor gelag moet word nie, laat my God se belofte glo en daarby bly.

23 En hierdie ou man was ’n eerbare man, het ’n groot reputasie onder die mense gehad. En eendag, miskien, dalk in die gebedskamer of in sy studeerkamer, het die Heilige Gees na hom toe gekom en ’n belofte aan hom gemaak, en gesê: “Símeon, jy gaan nie sterf voordat jy die Christus gesien het nie.” Hy het dit geglo, hy het ’n reg gehad om dit te glo, want die Heilige Gees het hom die belofte gegee. En die Heilige Gees, Wat hom die belofte gegee het, was verplig om hom na Christus te bring toe Christus gekom het.

24 Dis waarom jy hier is vanaand vir Goddelike genesing, is omdat jy glo dat God die belofte gemaak het. Hoeveel glo in Goddelike genesing, sal julle . . .?

25 Julle weet, Dawid het eenkeer gesê: “Wanneer die diepte roep na die diepte.” As daar ’n diepte is wat roep, moet daar ’n diepte wees om op daardie roep te antwoord. Ek het dikwels hierdie stelling gemaak: dat voor daar ’n vin op ’n vis se rug was, moes daar eers water vir hom gewees het om in te swem, of hy sou nooit die vin nodig gehad het nie. Voor daar ’n boom kon wees wat in die aarde groei, moet daar eers ’n aarde daarvoor gewees het om in te groei.

26 ’n Paar jaar gelede, het ek in ’n koerant gelees waar ’n klein seuntjie die uitveërs van sy potlode afgeëet het by die skool. En sy mamma het hom eendag buite op die agterstoep gekry besig om die pedaal van sy broer se fiets af te eet. En hulle was . . . Sy was ontsteld en sy het die kêreltjie afgeneem kliniek toe. En soos die getroue dokters hom ondersoek het op elke manier wat hulle kon, het hulle uitgevind dat sy liggaampie gesmag het na swael, en swael word gevind in rubber. Nou, waarom het hy die pedaal van die fiets afgeëet? Omdat daar iets daarbinne was wat gevra het vir swael. En as daar iets was wat gevra het vir swael, moes daar eers ’n swael gewees het, of dit sou nooit daarin gewees het nie.

27 Met ander woorde, soos hierdie: Voor daar ’n skepping kan wees, moet daar ’n Skepper wees om die skepping te skep. En as jy vanaand dors na die genesingskrag van God, moet daar iewers ’n fontein oop wees, of jy sou nooit daarna gedors het nie. Hoeveel verlang na ’n dieper wandel met God? Elke hand op. Wel, daar’s ’n dieper wandel iewers, of julle sou nooit daarna dors nie.

28 Iets het in jou ’n begeerte geskep om nader aan God te wandel. Iets het in jou ’n begeerte geskep om deur God genees te word. Wel, voor dit geskep kon word in jou liggaam, in jou

gees, moet daar 'n Skepper daarvan wees, en daardie Skepper is die Heilige Gees. Dis hoekom julle hier is vanaand, is omdat die Heilige Gees julle hiernatoe gelei het.

29 Nou, Símeon het in die Skrifte gelees waar daar 'n Messias sou kom. En terwyl hy gesit het, hierdie Skrif gelees het, het die Heilige Gees gesê: "Jy gaan nie sterf voor jy Hom gesien het nie."

30 Hy was nie bang vir sy getuienis nie, hy het nie omgegee vir sy aansien nie, hy het almal vertel: "Ek gaan lewe om die Messias te sien kom."

31 O nou, natuurlik, julle weet wat die wêreld daarvan sou gedink het. Party van hulle, het miskien gesê: "Die ou man het net 'n bietjie van sy kop afgegaan. Sy—sy verstand verlaat hom net soort van." En dit sou van jou gesê word.

32 Wanneer mense God op Sy Woord neem en Sy belofte glo, dis so bonatuurlik, dat dit kranksinnig word vir die mense van die wêreld. As hulle net . . . God is soveel groter, Sy beloftes, en Sy krag, en Sy wese, en Sy lewe. En Sy verwagtinge van ons is soveel hoër as die dinge van die wêreld, dat ons kranksinnig word vir die wêreld. En het die Skrif dit nie goed gestel nie? "Almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." Geseënd is julle wanneer julle vervolg word vir Hom.

33 Nou, ons sien hierdie ou man rondgaan en vir mense vertel, maak nie saak wat hulle gesê het nie, hy het dit geglo, want hy het 'n goeie rede gehad om dit te glo: die Heilige Gees het hom gelei en 'n geloof binne-in hom geskep om dit te glo. Dis hoekom jy hier is vanaand vir genesing, jy het dit gelees in die Skrif, dis 'n belofte van God, soos hy gelees het daar is 'n belofte dat die Messias kom, toe het die Heilige Gees gesê: "Jy gaan Hom sien." Dieselfde Heilige Gees, daar's geen twee Heilige Geeste nie, daar's net Een, dieselfde Heilige Gees wat vir Símeon gelei het om dit te getuig, het jou hiernatoe gelei vanaand.

34 Daar was hy, op hierdie oggend het hy agter gesit, sê, in sy studeerkamer, en meteens het daar iets gebeur. Ek hou van God se skielike bewegings, en julle? Skud jou net skielik, en jy reageer daarop, iets gaan gebeur.

35 Toe het Símeon wat agter in sy studeerkamer sit, miskien, sou ons sê, sy hand uitgesteek in die sakkie en 'n Boekrol uitgehaal, en hy het Dit begin lees, en Dit het iets soos hierdie gelui: "Vir ons is 'n Seun gebore, vir ons is 'n Kind gegee. En Sy Naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, Sterke God, Ewige Vader." En net omtrent daardie tyd, moes die Gees gesê het: "Staan op jou voete, Símeon." En sonder die geringste huiwering, het die ou wysgeër die Boekrol op die tafel laat val en op sy voete gestaan. "Begin loop, Símeon."

"Waarnatoe sal ek gaan, Here?

"Dit het niks met jou te doen nie, begin net, Ek sal die res van die pad kies."

36 Dis hoe dit vanaand vir julle is in die rolstoel, julle, beddens, draagbare, waar julle ook al is, as God die leiding neem. . . Die dokter, sê jy gaan sterf, dis die beste wat die dokter weet, maar as Iets vir jou sê om op te staan en Christus as jou Geneser te aanvaar, te begin loop, is dit Sy besigheid om vir die res te sorg.

37 "Ek het nie beweeg nie, Broer Branham, vir so. . . "

38 Dit maak geen verskil as jy nooit beweeg het nie. God praat met jou hart: "Beweeg," beweeg! "Want seuns en dogters van God word gelei deur die Gees van God," Romeine 8:14.

39 En Símeon het begin loop, gelei deur die Gees, hier kom hy in die tempel in. Vreemd genoeg, draai hy om, weet nie waarheen hy gaan nie, loop onder na hierdie ry vroue toe. Party van hulle hoor: "Hier kom die edelagbare Eerwaarde Símeon." Loop langs die ry af: "O," sê party van hulle: "julle weet dis die ou man wat die, party van hulle gesê het wat soort van van sy kop afgeraak het. Hy het te godsdienstig geraak."

40 Dink julle vanaand, dat hy te godsdienstig was? Sekerlik, dink julle nie so nie. Hy's 'n heilige in ons toneel, en in die Hemel vanaand, wat gemeenskap geniet saam met al die verlostes.

41 En soos hy aangestap gekom het langs daardie ry, sien ek hom stop langs hierdie dametjie waarvan almal hulle afstand gehou het. Wel, iemand mag gesê het: "Daar is dit, sien, voëls van eenderse vere."

42 Dis waar. Ek hou ook daarvan. "Kom uit die wêreld uit en word afgesonder," is God se opdrag: "sonder julle af, en dan sal Ek julle ontvang."

43 En hier kom sy, oorgestap na Símeon toe, soos hy sy arms uitgesteek het vir die Baba. En ek kan hom sien soos hy in die gesig van hierdie Baba kyk, hy lig sy kop op na die Hemel, en die trane van vreugde moes oor sy ou, wit baard geloop het toe hy gesê het: "Here, laat U dienskneg in vrede gaan, volgens U Woorde, want my oë het U verlossing gesien." Gelei deur die Gees!

44 Sit ver oorkant in die hoek in 'n bietjie duisternis van die wêreld, met geen oë om deur te kyk nie, tog, kon sy beter sien as baie teoloë in Los Angeles vanaand met goeie oë, haar naam was Anna, sy was 'n profetes. Sy het nie die tempel verlaat nie, sy het dag en nag daar gebly, gevas, God geprys, gewag vir die koms van die Messias. En die Heilige Gees moes gesê het: "Staan op jou voete, Anna."

45 Sy het geen oë gehad nie, sy was blind, hier het sy gekom, haar pad deur die mense gevleg, gelei deur die Heilige Gees. Watter—watter Heilige Gees was dit? Dieselfde Een wat julle hiernatoe gelei het vanaand, wat nog steeds beweeg oor die seuns

en dogters van God. Gelei deur die Gees, soos sy aanbeweeg het. Sy het naby die Baba gekom en haar hande opgesteek en God geseën.

46 As die Heilige Gees 'n ou, blinde vrou in die hoek kon neem en haar na die Christus toe lei, hoeveel te meer behoort Hy ons vanaand te lei? Gelei, beweeg, God werk op geheimsinnige maniere, om Sy wonders te doen.

47 Net 'n klein, persoonlike getuienis van iets wat in my gedagte opkom: Ek het van Dallas af gekom nie lank gelede nie, 'n paar jaar gelede, en daar het 'n storm in die lug gekom. En—en ek was op een van die lugrederye, en dit het geland by Memphis. En so het hulle vir my gesê om op te gaan na die. . .limousine het my geneem na die Peabody Hotel, dis 'n wonderlike plek. En ek het gedink dit sou goed wees, ten minste een keer wat ek in 'n groot hotel kon bly, so hulle sou daarvoor betaal, so hulle het my geneem en my 'n goeie kamer op hulle onkoste gegee.

48 So nadat ek ingeteken het, het die telefoon gelui, ek het 'n paar briewe geskryf, en gereedgemaak om my Bybel te lees, en dan te bid, en bed toe te gaan. Hy het gesê: "Eerwaarde Branham, die vliegtuig sal sewe-uur in die oggend vertrek, hierdie vlug sal nie vertrek voor sewe nie. Die limousine sal jou sewe-uur oplaai."

49 Ek het gesê: "Goed, meneer," ek het afgelui, en my pos afgehandel, en gebid, bed toe gegaan. En hulle my laat skakel. En vroeg die volgende oggend het ek opgestaan, en ek het gedink: "Ek is, om een of ander rede, nie lus vir ontbyt nie. Ek voel net asof dit 'n pragtige oggend is," die son het baie mooi uitgekom, hierdie was lentetyd, so ek het gedink: "Ek sal baie vinnig afhardloop en 'n posbus kry en hierdie briewe pos voor die limousine my oplaai vir die lughawe."

50 En ek het begin met die briewe in my hand, om in die straat af te gaan, en—en meteens, het Iets gesê: "Stop en gaan terug in die ander rigting."

51 "O," ek het gedink: "miskien was dit 'n indruk. Waarom sou ek *soontoe* wou teruggaan?" So ek het net aangegaan, en dit het sterker, en sterker geword, totdat ek gesê het: "Ek moet bid, hierdie mag die Heilige Gees wees."

52 En daar was. . .het toevallig by 'n winkel verbygegaan wat visvanggereedskap daarin gehad het. So ek het daar na die deuringang toe gegaan om te kyk na die visvanggereedskap, of om te maak asof ek daarna kyk. En ek het die groot, Ierse polisieman daar sien tekens gee, en die mense laat oorloop, niemand naby my nie, en ek het my hoof gebuig, en ek het gesê: "Here, was dit U wat met my gepraat het om terug te gaan?"

En Iets het gesê: "Draai om, en gaan terug."

53 Ek was seker Dit was God. Ek glo dat mense wat gebore is uit die Heilige Gees, verstaan waarvan ek praat, net iets wat jou so

tref, nie 'n hoorbare Stem of 'n visioen nie, maar net iets wat jou tref. Mense word gebore, in die kerk gesit om visioene te sien, ensovoorts, maar die Heilige Gees werk op baie verskillende maniere. En Dis net so werklik, die Heilige Gees, op een manier as wat Dit op die ander manier is, Dis alles die Heilige Gees.

54 So ek het omgedraai en begin loop, loop, en ek het net aanhou loop, uiteindelik, het ek myself onder in die gekleurde distrik gevind. Ek het na my horlosie gekyk, en dit was tien minute oor sewe: "O," het ek gedink: "ek het my vliegtuig verpas."

Maar Iets het my net bly aanspoor: "Gaan aan, hou net aan beweeg."

55 Ek vertrou dat daardie selfde Gees vanaand, wanneer daar vir jou gebid word, of daar nou vir jou gebid word hier op die platvorm of nie, jou 'n visioen van Christus se belofte aan jou sal laat kry, en jou net aanspoor om aan te hou.

56 "Ek kan net een vinger beweeg."

57 Hou net aan om daardie vinger te beweeg, totdat jy 'n hand kan beweeg, en dan 'n arm, en dan 'n been, ensovoorts, en gaan dan aan.

58 "Ek voel net 'n bietjie beter."

59 Wel hou aan om Hom te prys, hou aan. Moenie van die pad af gaan: "Miskien sal ek weer teruggaan in die gebedsry" nie, dit help niks. Gaan aan, net soos wat jy aangaan, hou net aan gelei word deur die Heilige Gees. Daardie klein Stemmetjie, as jy net jou hart sal oopmaak, sal jy Dit hoor.

60 Let op, soos ons in die straat afgegaan het, ek en Hy, het Hy my gelei, en, o, dit was 'n pragtige oggend, die son het nou hoog gestyg, en die rose het onder in klein bossies van die rankroos geblom, ensovoorts, en die vars reën en die son wat uitgekom het, het die geur van die kamferfoelie gebring, en dit was 'n—'n pragtige oggend.

61 En ek het daar aangegaan, ek het net so min geweet waarheen ek gaan as—as wat ek sou weet as ek in die teenoorgestelde rigting vanaand van my hotel af sou gaan. Net aangegaan, gelei deur die Gees, ek het gedink: "O, ek het klaar my vliegtuig verpas, so ek sal net 'n ander een kry. Ek is in elk geval nie haastig nie, het drie of vier dae voor nog 'n diens." Ek het net aanhou loop, net gedink: "Here, ek weet nie waarheen U my neem nie, miskien 'n plek van gebed."

62 Ek het by 'n klomp klein hutjies verbygegaan soos waar die—die, party van die gekleurde mense woon. Ek het gekyk, oor 'n—'n hek het daar geleun. . .En aan my dierbare, liefdevolle, gekleurde vriende, vanaand, ek wat nou hierdie vrou se stem probeer naboots, ek probeer nie julle grammatika verkleineer nie, want myne is erger as julle s'n. Maar sy het geleun, 'n tipiese Tant Jemima, met 'n—'n man se hemp om haar kop geknoop,

yslike groot, vet wange, en sy het in die straat afgekyk toe ek nadergekom het.

63 En ek het daardie liedjie gesing wat julle Pinkstermense sing, van "Ek's so bly ek kan sê ek's een van hulle," Ek glo dis hoe dit gaan.

> Hulle was vergader in die bo-vertrek,
> Almal gebid in Sy Naam,
> Hulle is gedoop met die Heilige Gees,
> En krag vir diens het gekom;
> En wat Hy vir hulle gedoen het daardie dag
> Sal Hy dieselfde vir jou doen,
> Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hulle.

64 En ek het daardie liedjie probeer leer, ek het aangegaan, dit net vir myself geneurie. En ek het hierdie ou dame opgelet soos sy oor die hek gekyk het, yslike groot glimlag op haar gesig. Ek het ophou neurie, begin verbygaan, en sy het gesê: "Goeiemôre, Eerwaarde."

65 Ek het gesê: "Aangename kennis, Tannie?" Sy het net begin grynslag, die yslike groot trane wat van daardie wange afgeloop het. Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek is 'n eerwaarde?" Nou, *eerwaarde* beteken: "'n prediker."

En sy het gesê: "Ek het geweet jy sou kom."

Ek het gesê: "Hoe? Tannie, hoe het jy geweet ek kom?"

Sy het gesê: "Wel, ek sal jou sê hoe dit was, Eerwaarde." Sy het gesê: "Het jy al ooit daardie storie in die Bybel gelees van die Sunammitiese vrou vir wie die Here 'n baba gegee het deur die belofte wat—wat Elisa, die profeet vir haar gegee het?"

En ek het gesê: "O, sekerlik, ek ken daardie storie baie goed, ek het net 'n paar weke gelede daaroor gepreek."

66 "Wel," het sy gesê: "*Ek* was daardie soort vrou. En ek het nie enige kinders gehad nie, en—en ek en my man wou so graag 'n baba hê, en ek het gebid, en die Here het vir my hierdie baba gegee. En ek het vir Hom gesê ek sal die baba aan Hom toewy." En gesê: "*Ek* het gewas op die wasbord, Eerwaarde." Sy het gesê: "Ek is 'n wasvrou in hierdie distrik." En sy het gesê: "Ek—ek het daardie seun grootgemaak, so goed as wat ek geweet het, om die Here lief te hê."

67 Sy het gesê: "Hy het in die verkeerde geselskap beland en hy het 'n geslagsiekte gekry. *Ons* het niks geweet van enige geslagsiekte nie. En ons seun het sieker en sieker geword, en uiteindelik het ons hom na die dokterman toe geneem, en hy het gesê daar's geen hoop vir hom nie, hy's gedaan, dat die—die geslagsiekte in sy bloedstroom ingekom het en die dele van sy hart opgevreet het. En wanneer sy bloed sou oppomp, sou daar *soveel* daarvan weer deurval, die kleppe in sy hart is weggevreet deur die siekte."

68 En gesê: "Die dokterman het gesê daar was geen kans vir hom nie." En gesê: "Hy lê daarbinne op die bed." En gesê: "Hy is nou al vir twee dae bewusteloos." En gesê: "Ek kan net nie verduur om my baba so te sien sterf nie, en ek het gisteraand heelnag gebid: 'Here, *U* het vir my die baba gegee, maar waar is die Elisa?'"

69 Julle kan julle voorstel hoe ek gevoel het. Ek het gedink: "Here, is dit dít?" Ek het nooit 'n woord gesê nie, ek, vir haar oor om soontoe gelei te word nie. Ek het gesê: "My naam is Branham. Het jy al ooit van my gehoor?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, ek glo nie ek het al ooit nie."

En ek het gesê: "Wel, hoe het jy geweet ek kom?"

70 Sy het gesê: "Ek het omtrent drie-uur vanoggend aan die slaap geraak, en ek het gedroom dat ek 'n man sien kom het, wat 'n klein, bruin pak klere dra met 'n klein, westerse hoedjie wat op een kant van sy kop sit, hy het 'n paar briewe in sy hand gehad." En gesê: "Die Here het gesê: 'Gaan uit en wag vir hom.'" Sy het gesê: "Van toe af staan ek al hier."

Ek het haar op die rug getik, en haar rug was nat van dou, dit was waar. En ek het gesê: "Wel, my bediening is om te bid vir die siekes, Tannie."

71 Sy was nie daarin geïnteresseerd nie. Sy het gesê: "Wil jy nie inkom nie?" Sy het daardie ou hekkie oopgemaak met 'n ploegpunt wat aan 'n ketting hang. Ek het in daardie klein, ou hutjie ingeloop daardie oggend, klein twee-vertrek hutjie, geen mat op die vloer of niks nie, 'n klein hemelbedjie, krake in die vloer groot genoeg dat, o, die wind net daardeur getrek het.

72 Ek was in konings se paleise, en ek het die voorreg gehad om in sommige van die mooiste huise te wees, reken ek, in die wêreld, maar ek het nog nooit in my hele lewe meer tuis gevoel, as wat ek het in daardie hutjie daardie oggend nie. Ek—ek het teen die muur gekyk, dit was nie prikkelprente nie, dit was 'n leuse teen die muur: "God seën ons huis." 'n Ou klein houtstofie het in die hoek gestaan. En op hierdie hemelbedjie het daar 'n aantreklike, groot man gelê, gelyk asof hy omtrent 'n honderd-en-sewentig pond sou weeg, en omtrent ses voet lank, en hy het die kombers in sy hand gehad, gegaan: "*Uhm! Uhm!* O, dis donker," sê hy.

En ek het gesê: "Wat sê hy?"

73 Sy het gesê: "Eerwaarde, hy het gepraat van, die laaste twee dae vandat hy bewusteloos is," gesê: "in sy bewusteloosheid, dink hy hy's op 'n groot see iewers verlore in die donker, en hy roei 'n boot, probeer land vind. En ek kan nie verduur om my baba so te sien sterf nie, Eerwaarde."

Sy het soontoe gegaan, sy kop gestreel, hom gesoen, en gesê: "God seën mamma se babatjie."

74 Yslike groot kêrel soos daardie, wat sterf in skande en sonde, tog het daardie moeder se liefde gegaan . . . hy was steeds 'n baba vir haar. Maak nie saak in hoeveel skande hy was, en hoe hy die familie in skande gedompel het nie, dit was steeds daardie liefde van die moeder wat uitgegaan het vir haar baba.

75 Ek dink partymaal daaraan en dink: "As die moeder haar suigeling kon vergeet, maar God het gesê: 'Ek kan julle nie vergeet nie, julle name is gegraveer op die palms van My hand.'"

76 So, afvallige, onthou vanaand, jy kan nie wegkom daarvan nie, Hy het jou nog steeds lief. Dis hoekom jy hier is vanaand, Hy probeer jou nog 'n kans gee, om aan jou deur te klop.

77 Ek het op die vloer gekniel om te bid, sy het langs sy kop gekniel, en ek het langs sy voete gekniel, en ek het aan sy voete geraak, dit het gelyk asof dit koud was, taai. Sekerlik, die dood was op die seun. En ek het gesê: "Tannie, siende dat jy die moeder van die seun is, sal jy nie eerste bid nie?"

78 Sy het gesê: "Sekerlik, Eerwaarde." Sy het haar hoof gebuig. En jy praat van 'n gebed! Jy kon sien dit is nie in een of ander skool geleer nie, dit het uit die diepte van haar hart gekom. Deur met God te praat, kon jy hoor sy het al voorheen met Hom gepraat, sy het geweet waarvan sy praat. Toe sy klaar gebid het, het sy haar oë afgevee met die ou voorskoot wat sy aangehad het, sy het oorkant na my gekyk.

Ek het gesê: "Ek sal nou bid, Tannie."

79 Ek het my hande op sy voete gesit, ek het gesê: "Here, ek weet nie wat om te sê nie. Is dit hoekom U my my vliegtuig laat verpas het om hiernatoe te kom om vir hierdie vrou se seun te bid? As dit is, O Here, laat dit bekend word dat U God is, en U haar gebede en haar opregtheid sal respekteer."

80 En omtrent daardie tyd, het daardie groot kêrel gesê: "O, Mamma," gesê: "dit word nou lig in die kamer, die duisternis gaan weg." Binne 'n paar minute, het hy op die rand van die bed gesit en praat met ons.

81 Ek het vinnig uitgegaan, 'n huurmotor gestop, na die lughawe toe gegaan, en toe ek by die hek inkom, het hulle die laaste oproep gemaak vir daardie vliegtuig. God het daardie vliegtuig op die grond gehou deur die geloof van 'n—'n vrou wat waarskynlik nie haar ABC's geken het nie, 'n arme, donker, gekleurde vrou, onkundig soos ons dit sou noem, God het daardie vliegtuig op die grond gehou, en dit daar gehou totdat haar gebed beantwoord is. Hy's dieselfde God vanaand wat Hy toe was.

82 Omtrent twee jaar daarna, het ek Phoenix toe gegaan op die trein, ek het deur Memphis gegaan; ek het nooit weer van hulle gehoor nie. En as enigiemand al ooit in Memphis was, die trein wat van die Ooste af kom, trek in die stasie in soos *hierdie*, en dit gaan 'n twintig-minuut stop maak. Ek wou 'n paar toebroodjies

kry, hulle kos jou te veel op die trein, omtrent veertig sent vir ’n klein toebroodjie, ek kan amper ’n sak vol hamburgers kry, daarvoor, Ek hou hulle net by my in die trein, en eet hulle soos ek aangaan, soos ek honger word.

83 So ek het afgespring om vir my ’n sak vol hamburgers te kry, en ek het baie vinnig begin loop, ek het iemand hoor sê: “Hallo daar, Eerwaarde Branham!”

84 Ek het soontoe gekyk, en ’n ou rooi petjie wat daar gestaan het, julle weet, en sy oë geknip het, aangehardloop gekom na my toe, ek het gesê: “Aangename kennis, jongman?”

Gesê: “Jy ken my nie, ken jy?”

Gesê: “Ek glo nie so nie.”

Gesê: “Omtrent twee jaar gelede, het jy een oggend na my huis toe gekom.”

Ek het gesê: “Jy’s nie daardie seun nie!”

Hy het gesê: “Ja, ek is.” Hy het gesê: “Ek is nou ’n Christen, wat die Here dien.”

85 Leiding van die Gees! Daardie selfde Heilige Gees het julle hiernatoe gelei vanaand, Dit het julle hiernatoe gelei, nie om siek huis toe te gaan nie, maar om gesond huis toe te gaan; Dit het julle, sondaarvriende, hiernatoe gelei, om huis toe te gaan as ’n Christen, uitverkoop vir die dinge van die wêreld; julle afvalliges, Dit het julle hiernatoe gebring om weer terug te kom huis toe na God toe vanaand.

Dink daaraan terwyl ons ons hoofde buig.

86 O Here, soos ek dink aan hierdie ondervindings van hierdie dertig jaar van bediening op die veld, weet ek nie vanaand, Here, waar daardie seun is nie, U weet, maar een van hierdie dae wanneer die lewe vir ons albei verby is, sal ek hom weer ontmoet. O Here, terwyl dit Lig is, laat ons wandel in die Lig van die Heilige Gees, want die uur kom wanneer daar duisternis en groot donkerheid oor die mense in die land sal kom.

87 Ons vra vanaand, Here, dat U hierdie mense sal neem, dat U hulle gelei het en in hulle harte geplaas het, dat daar ’n God is wat hulle liefhet, en hulle wil red, en hulle wil genees. Noudat U hulle hiernatoe gelei het vir een of ander rede, ek glo dis omdat Jesus, die Seun van God, teenwoordig is om al die sondes en die siektes van die mense weg te neem, en om in ons harte ’n outydse herlewing te begin. En mag elke kerk dwarsdeur die land bevoordeel word. Ons glo dat U hier is, Here, en ons bid dat U ons pogings sal seën.

88 En nou, Vader, ons besef dat om te praat een ding is, en te praat van ’n God een ding is, maar wanneer daardie selfde God sal kom en Homself manifesteer dat Hy lewendig is, dat Hy net tydelik gesterf het vir ’n versoening dat ons hierdie voorregte kon

hê om gelei te word deur Sy Gees, mag Hy nou onder die mense kom vanaand met groot krag, en doen, en optree, en Homself lewendig wys deur dieselfde tekens en wonders en wonderwerke wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Mag Hy Homself vanaand manifesteer aan hierdie mense soos Hy het aan die vrou by die put, mag Hy Homself vanaand manifesteer op die manier wat Hy vir haar gesê het sy het mans gehad wat nie wettige mans was nie, en die verborgenheid van haar hart geken het.

En sy het gesê: "Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge sê."

En Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." Laat dit weer gebeur, Here.

89 En gee dat dit ook vanaand bekend sal wees, dat dieselfde Een Wat geweet het waar Natánael was, en wie hy was, laat Hom ook vanaand bekend gemaak word.

90 En toe hulle wat op hulle pad was, hartseer van Jerusalem af, op pad na Emmáüs op daardie eerste Kers . . . Paasoggend, toe die opstanding net 'n paar uur tevore plaasgevind het, was Hy onder hulle en hulle het dit nie geweet nie.

91 Ek's seker dis dieselfde ding vanaand, Here, U is hier, maar die mense weet dit miskien nie. Mag U vir ons doen vanaand soos U toe vir hulle gedoen het, toe U hulle in die kamer gekry en die deur toegemaak het, het U iets gedoen net soos U dit gedoen het voor U gekruisig is. En hulle het hierdeur geweet, dat Dit hulle herrese Here was. Ligvoet, vinnig, het hulle gehardloop om ander te vertel. En mag dit so wees vanaand wanneer ons hier vertrek, ons sal gaan, nie net ligvoet nie, maar lighartig om ander te vertel dat Jesus opgestaan het uit die dood, Hy al die sondes van die sondaars vergewe en die siekte van die mense genees, omdat ons Hom Homself sien manifesteer het aan Sy Kerk. Ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

92 Ek dink daar is 'n honderd kaartjies gegee vandag. Ek gaan julle iets vra net as gevolg van tyd . . . En vir die nuwelinge wat nie is nie . . . hulle eerste keer hier is: Ek maak nie aanspraak om 'n Goddelike geneser te wees nie, ek glo nie daar is so-iets nie, ek glo dat Jesus Christus jou verlos het van 'n lewe van siekte, net soos Hy jou verlos het van 'n lewe van sonde. As die ou verbond genesing daarin gehad het, die ou versoening van die bloed van lammers, en bokke, en verse genesing daarin gehad het, hoeveel te meer het hierdie beter Verbond genesing daarin van die Bloed van God se Eie Seun, Jesus?

93 Nou, julle is alreeds genees, elkeen van julle. Maar die enigste rede waarom julle dit miskien nie kan aanvaar nie, is dat julle deur 'n roetine van handoplegging wil gaan. Dis in die haak, maar dit genees jou nie, jy, jy word genees deur jou geloof in 'n voltooide werk wat God vir jou gedoen het op Gólgota, jou genesing kom daardeur.

94 Nou, die Heilige Gees het julle hiernatoe gelei vanaand. Hoekom? Julle glo in genesing. As daar 'n fontein iewers oop is, is Hy verplig om jou daarnatoe te lei; nou, die volgende is joune.

95 Nou, om dit te maak . . . As Hy . . . Ons kan seker wees dat Hy lewendig was. As Hy lewendig is, sal Hy wees soos Hy gister was, want die Skrif sê Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Wat was Hy gister? Het Hy rondgegaan met Sy bors uitgestoot, gesê: "Ek's 'n Geneser?" Nooit. Dit lyk nie soos ons Here nie. Ons Here het nooit aanspraak gemaak om 'n Geneser te wees nie, hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Dis Hy wat die werke doen." Johannes 5:19, het Hy gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so. Die Vader werk, en Ek werk tot nou toe."

96 Met ander woorde, God het Hom deur 'n visioen gewys elkeen van Sy wonderwerke wat Hy gedoen het. Nou, gaan dit na deur die Skrifte, en julle sal vind dat dit die waarheid is. Net, partymaal het die mense, hulle geloof het God deur Hom aangeraak, dan het Hy swak geword toe 'n vrou Hom aangeraak het met 'n bloedvloeïng, swakheid veroorsaak in Sy liggaam. Maar dit was alles gedoen deur visioen, wat die Here Hom gewys het, want Hy kan nie iets verkeerd sê nie, Hy het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My wys nie." Nie: "dit openbaar nie," maar: "dit vir My wys."

97 Elía het al die hout, en goed reg neergesit, die offer neergesit, gesê: "Here, ek het dit alles op U bevel gedoen."

98 Die mens kan net nie gaan volgens . . . doen wat hulle wil doen in hulle eie wil nie, Jesus het dit nie eens gedoen nie. God het 'n program gehad, en ons moet daardie program volg.

99 Wat as jy 'n artesiese put op *hierdie* berg het, en 'n—'n oes wat bo-op *hierdie* berg verdroog? Jy kan heelnag lank staan en skree, en dit sal nooit die oes natmaak nie, maar as jy dit sal laat werk volgens die wette van swaartekrag, sal dit die water reguit na jou oes toe bring.

100 Dis hoe dit hier is, die Heilige Gees het julle hiernatoe gelei, nou as julle sal werk volgens die leiding van die Heilige Gees wat julle hiernatoe gebring het, is daar genoeg krag in hierdie kamer net nou om elke persoon te genees wat hier is. Ek's seker die Heilige Gees is hier. Dan as Hy hier is vir Sy belofte dat "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees. Vra enigiets, stem daaroor saam, dit sal gedoen word," nou as ons sal saamstem.

101 Dit sou onmoontlik vir my wees om, amper, net elkeen deur hierdie gebou te neem om vir hulle te bid, individueel, ek kan dit nie doen nie. Maar as die Heilige Gees sal kom, en ons onsself oorgee, julle julleself oorgee, ek myself sal oorgee, julle het 'n gawe, ek het 'n gawe, dis 'n gawe van die Heilige Gees. Laat die

Heilige Gees ons dan so omring met Sy krag, totdat ek nie weet wat ek sê nie, en ek in staat sal wees om so oorgegee te wees aan Hom, dat Hy deur my lippe sal praat en vir julle die geheime van julle hart sal vertel soos Hy het toe Hy hier op aarde was. Soos Hy het toe Petrus na Hom toe gekom het, Hy het gesê: "Wel, jou naam is Simon, jou vader is Jona." Gesê: "Van nou af, sal jy Petrus genoem word," eerste keer wat Hy hom ooit gesien het.

102 Toe Filippus gekom het, het Hy gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Hy het gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

Gesê: "Voordat. . ." Toe Natánael gekom het, liewer. Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dink daaraan.

103 Die vrou by die put. . .Hy het na die mense gekyk, en hulle het in hulle harte gesê: "Hy's Beëlsebub." Hulle het dit nie hardop gesê nie, maar Jesus het hulle gedagtes onderskei. Is dit waar?

104 Gesê: "Ek sal julle vergewe dat julle My Beëlsebub genoem het, maar," in soveel woorde: "eendag, kom die Heilige Gees, spreek dan Daarteen, sal nooit vergewe word nie." Laat ons daaraan dink.

105 En as ons Here, Wat ons hiernatoe gelei het vanaand in hierdie vergadering, wat elkeen van ons sal staan by die Oordeelsdag, en rekenskap gee vir vanaand, ons weet dit. En as die Heilige Gees hier sal inkom en Homself bekend maak dat Hy die herrese Christus is, elkeen van julle behoort, eendragtig, dit te glo vir enigiets wat julle nodig het, want die belofte is aan wie ook al wil.

106 Nou Here, dis. . .Ek vertrou myself nou toe aan U vir hierdie diens. Seën hierdie woorde wat gesê is, hoewel hulle gebroke was, Here, maar miskien, op een of ander manier, dat U hulle bymekaar kan sit en hulle in die mense se harte en verstand kan kry, dat hulle kan verstaan, en mag die Heilige Gees dit doen.

107 En kom, Here, en openbaar Uself aan ons vanaand as daardie selfde herrese Jesus, dat Hy teenwoordig is en Sy belofte hou, "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Laat die werke hier wees, Here, dat hulle mag weet met hulle eie oë, en hoor met hulle ore, die manifestasie van die opstanding van U geliefde Seun, die Here Jesus, want ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

108 (Wat? A's of B's? B's.) Gebedskaartjie B's, 'n honderd van hulle is uitgegee net 'n rukkie gelede in die diens, soos my seun vir my gesê het. En nou, sal ons begin by B, nommer een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Laat hulle eerste kom en hier oorkant oplyn. Nommer een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Nou net die tien, en dan net 'n oomblik. Ons sal hulle

almal kry, maar ons wil hulle nie, ’n verwarring hê nie. Ons sal wees. . .

109 Goed, terwyl hulle praat, wil ek graag nou die gehoor vra, en asseblief, wees baie eerbiedig, sien, ons is in die huis van die Here. Julle glo dit, nie waar nie? En ons—ons moet baie eerbiedig wees, en mekaar respekteer, en mekaar liefhê, en respek betoon aan mekaar.

110 Ek dink dit was ’n paar aande gelede hier, of elders, dat ’n kreupel, nee dit was—dit was ’n kreupel vrou, ek dink dit was in Jamaika, dat sy daar gesit het, en sy ’n plek gegee het, respek vir ’n vrou wat hartprobleme gehad het, haar plek om in die ry te staan, en omdat sy dit gedoen het, het die Heilige Gees weer teruggekom en haar genees. Nou, sien, daar’s dit, liefde, en respek toon vir mekaar.

111 Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Goed. Ons wil opgelyn word, tien, die eerste tien. Sodra hulle hulle opgelyn kry, dan sal ons meer oplyn, en dan nog, en dan nog, totdat ons hulle almal opgelyn kry.

112 Nou, terwyl ons vir hulle wag, wonder ek hoeveel in die gebou vanaand wat hier en siek is, en nie ’n gebedskaartjie het nie, maar jy glo dat God jou gaan genees, steek jou hand op. Jy het nou nie ’n gebedskaartjie nie, jy het geen gebedskaart nie, maar jy glo dat die Here Jesus jou gaan genees en jou gesond maak. God seën julle. Lyk asof dit net oral is.

113 So, terwyl B’s kom—kom, mag ek dit vir—vir julle sê wat hier staan: Eenkeer was Jesus op Sy pad, deur ’n visioen om te genees, ’n dogtertjie op te wek met die naam van, ek weet nie wat haar naam was nie, haar vader se naam was Jaïrus, hy was ’n priester, en hy het gekom om Jesus te gaan kry om Sy hande op die dogtertjie te gaan lê. En terwyl hy nog gekom het, het iemand gekom en gesê: “Moenie die Meester enigsins verder pla nie, sy’s dood.” En die kêreltjie se hart net omtrent gereed om te breek.

Jesus het omgedraai en gesê: “As jy net kan glo!”

114 En terwyl Hy op Sy pad was, het die mense Hom verdring, was daar ’n—’n vroutjie wat geweet het sy kon nie ’n Man soos daardie se aandag trek nie, so sy het by haarself gesê, laat ons dit so neem, dit was nie so nie, julle ken die storie: “Ek het nie ’n gebedskaartjie nie, so ek gaan nie in die gebedsry wees nie. Maar ek glo dat Hy God is, God se Seun, so ek gaan soontoe gaan, en ek glo as ek net eenvoudig Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word.” Ken julle die storie? En sy het deur die skare gedruk, miskien tussen die mense ingedruk totdat sy by ’n plek gekom het, en sy het Sy kleed aangeraak, sy het teruggegaan, gaan sit.

Jesus het gestop, en Hy het gesê: “Wie het My aangeraak?”

En hulle het Hom bestraf, gesê: “Wel,” Petrus het, en gesê: “almal raak aan U! Waarom het U so-iets soos daardie gesê: ‘Wie het My aangeraak?’”

115 Hy het gesê: “Ek merk dat daar sterkte van My uitgegaan het, daar krag van My uitgegaan het.” En Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy die vroutjie gevind het sonder ’n gebedskaartjie, en Hy het gesê van haar bloedvloeïng wat sy gehad het, gesê: “Jou geloof het jou gered.”

116 Nou, glo julle dat Hy die Hoëpriester is vandag, volgens die Boek van Hebreërs? Die Hoëpriester, Hy sit Sy liggaam, daardie vleeslike liggaam waarin God gemanifesteer is . . . Want God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen, nou is God in Sy Kerk om die wêreld met Homself te versoen, maar toe, toe Jesus gesterf het vir, om die versoening te maak, het Hy op die derde dag opgestaan, en God het daardie liggaam opgerig en dit aan Sy regterhand gesit in Heerlikheid. Glo julle dit? Hy sit op die Troon van God, die regterhand van krag en majesteit in Heerlikheid. En dan, soos ons belydenisse maak, dan staan daardie liggaam daar as ’n voortdurende versoening. En wanneer ons bely dat Hy enigiets gedoen het, is Hy ’n Hoëpriester daar om in ons plek te staan, ’n Offer, ’n ge-offerde Hoëpriester, wat in die Teenwoordigheid van God staan met Sy Eie Bloed om voorspraak te maak volgens ons belydenis.

117 Nou, hier’s wat jy dan doen: Sê: “Here Jesus, die Groot Hoëpriester van die Verbond, ek kom baie nederig na U toe in belydenis van my sonde.”

118 Nou, *sonde* is “ongeloof.” Rook is nie ’n sonde nie, drink is nie ’n sonde nie, owerspel pleeg is nie sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof; as jy geglo het, sou jy nie daardie dinge gedoen het nie. Sien? Daar’s net een sonde, en dis ongeloof: “Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel.” Sien? Jy rook, lieg, steel, drink, pleeg owerspel, omdat jy nie ’n gelowige is nie, ’n gelowige doen dit nie, hy het oorgegaan uit die dood in die Lewe. “Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die lewe,” Johannes 5:24.

119 Goed. Het ons soveel, een tot tien? Tien tot twintig nou, laat hulle staan, nog tien. A’s, tien tot twintig. (Wat?) Vyf-en-twintig, A, tien tot vyf-en-twintig, laat hulle nou hiernatoe kom en inkom, of, B, bedoel ek, dis B gebedskaartjies. Van tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien op soos daardie tot vyf-en-twintig; dan sal ons nie enige verwarring, julle weet, te veel op die vloer hê, wat loop nie.

120 Nou, glo julle dat die Skrif leer dat Hy nou ’n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Leer die Skrif dit? Wel, as Hy dieselfde Jesus is, dieselfde Hoëpriester wat hier op aarde gewandel het . . . En vir my, ek glo nie daar is

enige ander middelaar tussen God en die mens, behalwe daardie Man, Christus Jesus nie. Dis reg. Ek glo dat God Hom die Hoëpriester gemaak het, die enigste Middelaar tussen God en die mens.

121 Nou, en dan as Hy daar op die Troon sit om voorspraak te maak, en as jy daardie Hoëpriester aangeraak het met die gevoel van jou swakhede, hoe sou Hy optree? Dieselfde manier wat Hy het toe Hy hier op aarde was. Is dit reg?

122 Hoe kon Hy dit dan doen? Deur Sy Heilige Gees ons so te laat dra na ’n plek waar julle dit sou glo, en deur ’n Goddelike gawe wat die Heilige Gees my gegee het, om myself te ontspan, myself net ontspanne te maak, totdat die Heilige Gees deur my sou spreek, die einste ding wat verkeerd is met jou, of die dinge vir jou om te doen net soos Hy het vir die vrou wat Sy kleed aangeraak het. Glo julle dit? Goed. So dan, moenie nou aan gebedskaartjie dink nie, dink aan wat die Here Jesus belowe het.

123 Nou, vyf-en-twintig tot vyftig in B’s, laat hulle staan. As julle kan omgaan na die deel van die plek agter na daardie kant, miskien julle. . . Is daar ’n opening agter aan daardie kant? As julle reguit omgaan deur die agterkant, glo ek julle sal dit baie vinniger maak as om aan hierdie kant deur te kom. Vyf-en-twintig tot vyftig, laat hulle oplyn.

124 Nou, die res van julle nou sonder gebedskaartjies, sit net baie eerbiedig, kyk hiernatoe, en as julle net nou sal glo, voor die gebedsry ooit begin, of enigiets, sal Hy julle genees.

125 Nou, vyf-en-twintig tot vyftig, die plekaanwysers, dis reg, broers, kry hulle reg in die ry in. Goed, sodra daardie groep weg is, sal ons nog roep. En as julle reguit na hierdie kant toe sal gaan, glo ek sal julle nie tussen die mense hoef in te druk nie.

126 En onthou nou, dat môre-aand, Woensdagaand, ’n gewone biduur is, maak seker om te kom. Donderdagaand, sal klein Ricky hier wees. En Vrydag, Saterdag, Sondagoggend: Saterdagoggend, moet ek preek by die Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt onder in Los Angeles, Ek dink hulle het dit by die Clifton’s. Is dit reg, Broer Kopp? Clifton’s. En dan Saterdagaand terug hier by die tempel. En—en Sondagoggend by ’n klein Armeense kerkie, ver onder, net plek vir omtrent twintig mense, dis ’n ou vriend van my, ek gaan soontoe om in hulle kerk te sit, terug te kom. Ek gaan ver weg van hier af. So as ek na een toe gaan waar al die samewerkende predikers . . . Gaan soontoe om net te sit by ’n ou vriend van my. Sondagmiddag, terug by die tempel, Sondagaand ook terug by die tempel vir die afsluiting van die diens sover ons weet, tensy die Heilige Gees iets anders sou doen, sou ons bly aanbeweeg as dit die mense en alles sou behaag, net soos dit die Here behaag.

127 Dan, gaan ons van daar af onder na San Diego toe, van San Diego af terug na San Jose, en van daar af, tuis vir ’n paar dae,

en dan oor, net sodra Billy uit Sydney uitkom, gaan ek in Nieu-Seeland in, en Australië, en Siam, en om die wêreld.

128 Goed, nou van vyftig tot eenhonderd in B's, laat hulle reguit teruggaan aan die agterkant, en begin teruggaan soontoe, en julle plek inneem.

129 Nou, as enigiemand hier een van daardie gebedskaartjies het, wat kreupel is, en nie kan loop nie, wel laat hulle net hiernatoe gebring word en ek sal—ek sal afkom en vir hulle bid.

130 Nou laat ons wat nou wag, laat ons net ons hoofde buig. En die orreliste, as jy vir ons die akkoordjie van daardie *Glo Net* sal gee, sal jy? En elkeen baie eerbiedig nou terwyl ons die rye gereedmaak, en alles net in orde te kry soos ons moontlik kan om dit maklik te maak vir elke persoon om in die ry te kom, elke persoon om hulle plek en posisie te hê.

131 Nou, ek wil hê elkeen van ons wat nie in die ry is nie, moet eerbiedig wees, stil bid, die volgende paar minute, iets sal gebeur, ek's seker dit sal. En as Hy sal, as Hy hier na die platvorm toe sal kom en in hierdie gehoor in, en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, maak. . . bewys met die Messiaanse teken dat Hy steeds die Messias is, hoeveel sal dit dan glo met hulle hele hart? Steek net julle hande op na Hom, sê: "Here, ek sal, ek sal glo." Dis reg.

Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net.

132 Kom ons sing dit net so, baie liefdevol, terwyl ons ons hande opsteek en ons oë sluit: "Nou glo ek."

Nou glo ek, (Here, hoor ons.) nou. . . glo,
Alles is moontlik, glo ek nou;
Nou glo ek, nou glo ek,
Alles. . ., glo ek nou.

133 Is Hy nie wonderlik nie? Nou, ons gaan die gebedsry net binne 'n oomblik begin. Nou, ek wil julle vra, hierdie groot skare mense wat in 'n ry staan langs die kant. Daar's geen twyfel dat baie van julle bekend is met die bediening wat die Here Jesus my gegee het nie. En soos ek dit gisteraand probeer verduidelik het, dat ek, altyd was, toe die eerste visioen gebreek het, kon ek nie daardie visioene stop nie, hulle het net aanhou kom.

134 Vir die kritiek: Ek het nie vir genoeg mense gebid nie:

135 My bediening beteken nie bid vir 'n groep mense, hande op die mense lê nie. My bediening, die teken is nie dat ek hande op mense moet lê nie, dis vir julle om te glo dat die Here Jesus teenwoordig is en dit op daardie manier te aanvaar. Sien, ek hou daarvan op daardie manier. As ek hande op iemand lê en hulle word gesond, mag iemand sê: "Jy weet, Broer Branham

het sy hande op my gelê." Eintlik, het dit niks daarmee te doen gehad nie. Ek sou liewer dat iemand anders hulle hande op jou lê daarbuite. Jesus is die hande wat julle verwag om daarop te wees, so ek het niks daarmee te doen nie. Sien?

136 En as ek net my bediening in Amerika kan laat werk soos ek oorsee kan, kan ek hulle twee of drie mense na die platvorm toe laat bring, en daardie dinge kan plaasvind, en eerlikwaar, daar sou twintig tot dertigduisend mense op daardie een slag genees word.

137 Ek het die—die man se naam hier, die goewerneur, of iets, van die eiland waarop ek so pas was, toe hy gesê—gesê het: "Dis hoe ons dit hier wou hê." Gesê: "Evangelis kom en lê sy hande op die siekes, dan wanneer hy weggaan," gesê: "lyk asof God weggaan, maar," gesê: "met jou bediening, Broer Branham, het jy ons. . .laat ons weet dat God met ons ook is. Ons lê ons hande op mekaar."

138 Sien, ek kry hulle net, die mense daarbo, en ek sê: "Nou, ek kan nie eers julle taal praat nie. Nou, as die Heilige Gees iets hier aan my sal openbaar waarvan julle weet ek niks weet nie, sal julle dit glo?"

139 "Ja," hulle sou dit glo. En dan kom die Heilige Gees en openbaar dit, gaan miskien uit in die gehoor en tel 'n persoon soos daardie op. O, goeiste! Dis al wat dit kos, hulle verlaat net hulle rolstoele, beddens, draagbare, en alles, dit handel dit af.

140 Ek sê: "Lê julle hande op mekaar, en laat ons. . .moet jy nie nou vir jouself bid nie, bid jy vir die een waarop jy jou hande het, hulle sal weer vir jou bid. Die Bybel het gesê: 'Hulle sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word.' Wie? William Branham? Nee, die gelowige: 'hy wat glo.' So, jy is 'n gelowige, jy het 'n reg om hande op iemand te hê." Herken net die Teenwoordigheid van Christus.

141 Nou, ons sal vanaand weer hierdie lang ry hê. En miskien een aand hierdie week, sal ek teruggaan en weer oor die ou ry gaan, en net 'n paar fundamentele feite daaroor bring, dat jy kan sien uit die Skrifte dat Christus vir *jou* gesterf het, en dis *jou* geloof wat jou gesond maak. God seën jou, my dierbare vriend.

142 Ek sien hulle probeer hulle almal steeds in die ry kry daaragter, so ek wag net 'n—'n paar minute om te kyk of hulle hulle nog steeds opgelyn het. Nou laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik nou terwyl ons gereedmaak. Sit nou eerbiedig, in afwagting, elkeen nou, wag op die Heilige Gees.

143 Nou, julle wat in die gebedsry is, as julle enige onbelyde sonde in julle lewe het, laat dit net bekend wees aan julle: dat God julle nooit sal genees solank julle onbelyde sonde in julle lewe het nie.

144 En dis hoekom ek daardie ry baie stadig neem, die ou ry, want die Heilige Gees sou aan my openbaar. En julle is almal getuies daarvan, hoe sondes uitgeroep is uit mense, vir hulle gesê het, en *hierdie* vrou hier in owerspel met *hierdie* man wat hierbo sit. Julle weet hoe daardie dinge was. En dis waarom ek die saak baie goed ondersoek het, voor ek 'n gebed van geloof vir hulle probeer bid het, want wat as God gesit het, die duiwel daardie siekte op hulle laat sit het om hulle te dissiplineer, en hier het ek aangekom met 'n Goddelike gawe met geloof en dit van hulle afgehaal? Sien, ek is in die moeilikheid by God, soos Moses wat die Rots geslaan het in plaas van om Daarmee te praat.

145 Nou, sien in watter moeilikheid jy beland? So onthou nou, vanaand bid ek net, lê hande op die siekes. As Christus sal kom en Homself nou hier manifesteer. . . En as ek voel onder in die ry dat Hy wil hê ek moet stop by iemand, sal ek dit doen, maar andersins, gaan ek net begin bid vir die siekes, en dit net daarby los.

146 Nou, en as julle onbelyde sonde het, onthou, laat dit bekend wees aan julle: Ek is nie verantwoordelik nie. Ek plaas dit nou reguit terug in julle skoot. As jy onbelyde sonde het, loop jy reguit uit die ry uit, en maak dit reg met God voor jy deur hierdie ry kom. En die Here sal jou daarvoor seën as jy so opreg sal wees; maar as jy deurgebid is, goed.

Nou laat ons almal bid.

147 Here, met ons hoofde gebuig, net nou, dit moet bekend wees dat U Skrif die waarheid is, en ek die waarheid Daarvan vertel het, of anders is ek verkeerd en 'n valse profeet, of het U Skrif ons mislei. Nou, Here, ons weet dat dit nie so is nie, ons weet dat U Skrifte waarheid is. Maar nou, het ons gepraat en gelees van U beloftes, die ding is nou, is dit so? Is U lewendig? Is U hier? Hou U U belofte, Here? O, ek voel ontheiligend, om selfs in gebed so 'n stelling te maak. Here, U hou wel U belofte, elkeen van hulle, waarlik; dis ons ongeloof wat ons skei van U beloftes.

148 Nou bid ek, Here, dat as U Uself sal manifesteer vanaand voor die mense, vra ek dat U al die ongeloof van hulle sal wegneem, en mag hierdie die grootste aand van genesing wees wat hierdie tempel gesien het vanaf die dae van sy stigter. Skenk dit, Here. Ek bid hierdie gebed tot die eer van God in hierdie laaste moeilike dae. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

149 (Nou, ek reken. . .?. . .) Daar's baie wat ontbreek in die ry. My seun het gesê daar was baie, baie wat ontbreek in die ry. Enigiemand wat gebedskaartjie B het, een tot 'n honderd, neem jou plek in die ry, jy's—jy's vry om dit te doen. B, een tot 'n honderd. Goed, nommer. . . Goed.

Goed. Staan jy net daar by daardie mikrofoon, as jy sal, dame.

150 Nou, net voor. . .En ek wil almal eerbiedig hê. En hoeveel daarbuite sal belowe hulle sal vir hierdie mense bid? Hierdie is iemand se ma, iemand se pa, iemand se dogter, seun. [Die suster sê: "Ek kan skaars staan."—Red.] En. . . Kry vir haar 'n stoel, laat haar net in die stoel sit. Die dame is so swak, sy kan nie regop staan nie. Nou, siende dat sy swak is en die eerste persoon in die ry, gaan ek net 'n oomblik met haar praat.

151 Nou, suster, jy's, ek weet jy is beslis siek, of jy sou nie so daar gestaan het nie. So, ek. . .As ek na jou toe geloop, en gesê het: "Ek gaan my hande op jou sit. Prys God! Jy gaan gesond word." Behoort jy dit te glo, want dis—dis—dis die Evangelie waarheid dat ons daardie belofte het. Maar jy sou dan wonder of dit die woorde van Broer Branham was, òf of dit die Woorde van die Here Jesus was.

152 Nou, maar as Hy hiernatoe sal kom, en aan my sal openbaar waarvoor jy hier is. . .Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. As dit reg is, sal jy net jou hand opsteek, of kan jy? Goed, ons. . .Hierdie is ons eerste ontmoetingstyd.

153 Nou, die gehoor kan dit sien. Ek ken nie die vrou nie, het haar nog nooit in my lewe gesien nie, hierdie is ons eerste ontmoetingstyd. Nou, as Jesus sal doen. . .Hier's weer 'n man en vrou, Johannes 4, net om mee te begin. As die Here Jesus my iets sal vertel van hierdie vrou, iets wat sy gedoen het, iets wat sy moes gedoen het, of iets wat verkeerd is met haar, iets wat—wat sy weet wat ek nie weet nie, laat haar die beoordelaar wees of dit waarheid is of nie, hoeveel van julle sal glo dat dit van Jesus Christus kom volgens Sy belofte?

154 Nou hier is ons albei, en *hier* is die Skrif, die Bybel, op hierdie heilige lessenaar, ons ken mekaar nie. En dan as Hy dit sal doen. . .

155 Nou, gewoonlik, neem ek net een vir een, reg af, teen die tyd dat ek sewe of agt kry, is ek so swak dat ek skaars hier kan staan. So op daardie manier, wel, sal ek een laat, dan voortgaan totdat ek weer opgebou word, en dan miskien nog een stop, en dan voortgaan, net voortgaan. Maar dieselfde Heilige Gees is hier wat. . .Hy sal beslis hier iewers wees of Hy kan dit nie doen nie. Is dit reg? Hy moet wees. So die mense in Amerika trek saam om hulle. . .lê hande op hulle. So dis in die haak.

156 Nou, mag die Here dit skenk, suster. Ek gaan net met jou praat soos ons Here het met die vrou by die put. En hierdie is ons eerste ontmoetingstyd, ons ken mekaar nie, maar nou bid ek dat God aan my sal openbaar wat jou probleem is, en—en wees jy die beoordelaar.

157 Die dame ly, sy's geweldig senuweeagtig, net baie na aan 'n ineenstorting. Dis waar, is dit nie? Nou, sy lyk nie so in haar gesig nie, 'n senuweeagtige persoon is gewoonlik maer.

158 Jy mag sê: "Broer Branham, jy het dit geraai."

Goed. Net om nou elke verwarring van julle weg te neem, kom ons praat weer met haar. Nou wees baie eerbiedig.

159 Ek weet nou nie wat Hy vir jou gesê het verkeerd was nie, maar wat dit ook al was, is die waarheid, jy's die getuie. Ja, ek sien haar bewe, probeer iets vashou, dit laat val, dit was 'n senuweetoestand. Dis reg, 'n senuweetoestand. En dan het jy—het jy komplikasies, daar is sommer baie dinge verkeerd met jou. En jy—jy het 'n—'n probleem binne-in jou, 'n—'n gewas, en daardie gewas is in die ingewande, ja, dis reg, moet 'n operasie kry.

160 Nou het daar iets gebeur, en jy weet daar het. So, nou kan jy huis toe gaan en gesond wees, jy kan nou van die platvorm afstap en huis toe gaan.

161 Glo jy nou met jou hele hart? Sien, net daardie arme ding se geloof het haar genees. Nou ons dank die Here daarvoor. Goed. Glo julle nou Hy's hier? Hê nou geloof, moenie twyfel nie. Glo nou net alles is moontlik, kry jou posisie, sit stil, wees baie stil, en bid.

Sal jy kom, meneer?

Here Jesus, ek seën hierdie, my broer, in gebed, en mag hy genees word, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Genadige God, ek bid dat, in Jesus' Naam, dat U hierdie suster sal seën.

Here God, Skepper van Hemel en aarde, ek vra U om hierdie, my broer, te seën en te genees. Amen.

162 Gaan eet nou net, dit het jou klaar verlaat, jou maagprobleem, die artritis, ook, beweeg net aan, beweeg net aan. Hê nou geloof, glo met jou hele hart.

O Here God, Skepper van Hemel en aarde, seën ons suster en genees haar, bid ek, in Jesus' Naam. Amen.

Kom, meneer.

Here, in die Naam van Jesus Christus, seën hierdie, ons broer, en genees hom. Amen.

O Here, seën ons suster en maak haar gesond, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Here, ek bid dat U vir suster sal seën, en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Moenie nou twyfel nie, suster. As jy nie twyfel nie, kan jy genees word.

Kom reg . . .

Here, ek bid dat U hierdie liewe suster sal genees en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom.

Here, ek bid dat, in die Naam van Jesus Christus, dat U hierdie, ons suster sal genees. Amen.

God seën jou, suster.

Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat Jesus Christus, die Seun van God naby is?

O Here, ek bid dat in die Naam van Jesus Christus, dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. Amen.

163 Net 'n oomblik. Iets het in die gehoor gebeur. 'n Ander vrou as hierdie. Die vrou wat daar sit met die klein, wit blommetjie op haar rok, wat hartprobleme het, as jy glo met jou hele hart, Jesus Christus maak jou gesond, kan jy huis toe gaan en gesond wees. Amen.

164 Glo jy, dame? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? As God aan my sou openbaar waarvoor jy hier is, sal jy my glo met jou hele hart? Jy ly aan 'n senuweeprobleem vir een ding, jy het nierprobleme vir 'n ander ding. Dis reg, is dit nie? En jy maak gereed om te gaan vir 'n operasie wat op jou voet is, dis 'n vergroeisel in jou voet. Dis reg. As God vir my sal sê wat jou naam is, sal jy my heeltemal glo, glo dit sal nie nodig wees om dit te doen nie? Goed, Ruth, gaan jy huis toe en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

165 Wel, glo jy daardie ou diabetes sal jou verlaat en jy sal gesond word, oom? Gaan op jou pad en juig, en sê: "Dank U, Here." God seën jou.

O Here, seën my broer en genees hom, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom, suster.

Here God, genees hierdie rugprobleem van haar en maak haar gesond. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom. Gaan jy nou glo dit gaan dit gesond maak?

Here, ek bid dat U hulle sal seën en hulle heeltemal gesond sal maak. In Jesus Christus' Naam. Amen.

166 Goed. Gaan jy glo, broer? Kom hier. Met die gesag van God se Woord, die krag van hierdie heilige kerk wat bid, almal van ons saam in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, Wat hier is, sal jy gesond móét word as jy dit halfpad sal glo.

Here, ek lê my hande op die man in herdenking van U Woord. In Jesus Christus' Naam. Amen.

Seën jou, broer.

Kom, broer.

167 Here God, seën ons dierbare broer. En soos ek hande op hom lê, mag hy nooit kreupel wees van hierdie duiwel nie. Ek bid, in Jesus' Naam. Amen.

Seën jou, broer.

168 Kom, dierbare suster. Glo jy? Wel, kyk na die mense wat vir jou bid, honderde en honderde gebede wat nou vir jou opgaan. Die Seun van God, die Gees van die Heilige Gees, beweeg net hier onder ons in.

Here, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, in Jesus' Naam.

God, ek bid dat U ons broer sal seën en hom gesond sal maak. In Jesus' Naam. Amen.

169 Kom, dametjie. Glo jy as God vir my kan sê wat verkeerd is met jou, jou help? Goed. Dis vroueprobleme. So, dis reg, is dit nie? Wel, gaan net aan, jy's genees. Amen. God seën jou.

Here Jesus, ek bid dat U hierdie dametjie sal genees en haar sal gesond maak, in Jesus' Naam.

170 Kom, suster. Glo jy dat God alles van jou af weet? Glo jy dat—glo jy dat God aan my kan openbaar wat jou probleem is? Glo jy jy hoef dan nie daardie operasie te hê nie? Die ou galstene en dinge sal jou verlaat, en jy sal huis toe gaan, gesond wees? Glo jy dit? Glo jy daardie oog sal weer sig kry en jy sal reg wees? Jy's veronderstel om op geopereer te word hierdie week een of ander tyd, dis reg, laat ons sien, dis Vrydag, moet—moet dit nie glo nie. Gaan voort, word gesond.

Kom.

Here Jesus, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. In Jesus' Naam. Amen.

Aangename kennis, klein sustertjie?

Here, ek lê hande op hierdie kind en vra vir haar genesing. In Jesus' Naam. Amen.

God seën hierdie, ons suster, en genees haar, Vader. In Jesus' Naam. Amen.

Here, ek bid vir die babatjie. Skenk, Here, dat hierdie toestand die kind sal verlaat. In Jesus' Naam. Amen.

171 Nou, het jy die storie gehoor van klein Ricky gisteraand? Goed, laat baba dieselfde wees. [Die suster sê: "Hare is 'n baie ernstige toestand."—Red.] Daar's niks te ernstig vir ons Here nie, glo jy net wat ek jou nou vertel het.

Kom, suster.

O Here, ek bid nou soos ek hande op hulle lê, laat U krag hulle genees, Vader, hierdie is 'n seën wat ek vra, in Jesus' Naam. Amen.

Kom, my suster.

Here, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, deur Jesus Christus. Amen.

Glo nou met jou hele hart.

Here, ek bid dat U ons suster sal genees en gesond maak. In Jesus Christus' Naam. Amen.

172 Nou, onthou, vriende, al hierdie mense bid vir julle. Wanneer jy hier weggaan, moenie met daardie treurige gevoel gaan nie, gaan hier weg en sê: "Dank U, Here Jesus, vir my genesing!" Wat kan Hy nog doen? Daar's niks meer wat Hy kan doen nie. As Hy net hier gestaan het, hierdie pak aangehad het wat Hy vir my gegee het, kon Hy niks meer doen as wat Hy net nou doen nie, net iets doen om julle te laat glo dat Hy teenwoordig is, en Hy het dit gedoen. Hy het dit alreeds gedoen, julle moet dit glo.

Here, ek bid vir suster, dat U haar sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Kom, my broer.

Vader God, ek bid dat U my broer sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Here God, ek bid dat U vir broer sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

173 As hulle kon lê in die skaduwee van 'n man met die naam van Petrus, sy skaduwee, 'n visserman, onkundig, ongeleerd, omdat hulle geglo het dat Christus met hom was, kan julle nie glo wanneer Hy Homself net hier manifesteer by hierdie predikers en hierdie mense nie? Glo julle dit nie?

Kom, laat ons nou hande oplê, glo.

Here, in Jesus' Naam, bid ek dat U haar sal genees. Amen.

Here Jesus, ek bid dat U ons suster sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Vader God, ek lê hande op suster en bid dat U haar sal genees. Amen.

Here God, in Jesus' Naam, genees ons suster. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, genees ons suster, Vader. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Amen.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees ons suster. Amen.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie, ons suster. Amen.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie, ons suster. Amen.

Glo nou, suster.

Here, ek bid dat U ons suster sal genees. In Jesus Christus' Naam. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, Here, bid ek dat U ons suster sal genees. Amen.

Seën jou.

Kom, broer.

In die Naam van Jesus Christus, Here, genees ons broer. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, God, genees ons broer. Amen.

174 Baie senuweeagtig, is jy nie. Glo daardie Woord wat jy het? Hy Wat die kalm see stilgemaak het, kan steeds daardie senuweetoestand stilmaak wat jy het. Glo jy dit nie? Nou, jy het gewag vir 'n plek om by te begin, baiekeer het jy 'n begin probeer maak, soos om jou voet neer te sit, jy's nou daarop, hou aan loop, in die Naam van Jesus Christus en word gesond.

Kom, my broer.

In die Naam van Jesus Christus, mag jy genees word.

175 Die rede waarom ek dit vir die man gesê het, hy het net 'n bietjie aanmoediging nodig gehad, hy het gelyk of hy dit nie gaan snap nie, julle sien.

In die Naam van Jesus Christus, bid ek dat U hom sal genees. Amen.

Kom. Gaan jy glo vir hierdie kind? Gaan jy glo dit gaan beter word, gesond word? Hier is dit.

176 Here, ek seën hierdie seuntjie, in die Naam van Jesus Christus. Vader, ek bid dat U hom sal laat gesond word, sy moeder sal terugkom, en getuienis gee van sy genesing. Amen.

Gaan nou. Glo. . . Dis verby, glo dit net met jou hele hart.

Vader God, ek bid dat U hierdie vrou sal genees, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Here, in die Naam van Jesus Christus, bid ek dat U hierdie man sal genees.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Amen.

177 Dink dit sal jou help as ek vir jou sê wat verkeerd is met jou? Dis in jou rug. Goed, gaan net, dis reg. Jy wou hê ek moes dit sê. Dis reg.

Here, in die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Kom, suster.

God, in die Naam van die Here Jesus, mag ons suster genees word. Amen.

178 Nou onthou net, wanneer daardie kerk bid, verteenwoordig ek al hulle hande, en soos ek hande op jou lê, verteenwoordig dit honderde gebede wat net nou vir jou opgaan. Glo dit net met jou hele hart. Dis 'n seën wat moet kom met hulle gebede. Hierdie kerk bid vir jou, al hierdie mense bid, daardie seën moet op jou kom, ek verteenwoordig net hulle hande. Sien?

In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word. Amen.

179 Jy moet genesing kry of sterf, jy weet dit.

180 God, skenk dat hierdie demoon ons broer sal verlaat. In Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, broer.

181 Jy moet ook gebed kry, of die artritis sal jou uiteindelik verlam, heeltemal kreupel maak.

Here, ek bid dat U haar sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

O Here, Skepper van Hemel en aarde, ek bid dat U ons broer sal genees, in Jesus' Naam.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie, ons suster. Amen.

Seën hierdie seuntjie, Vader, wat ek seën, in Jesus' Naam. Mag hy genees word. Amen.

Seën hierdie suster, Vader, bid ek, in Jesus' Naam, dat U dit sal skenk. Amen.

Here, Skepper van Hemel en aarde, ek seën hierdie, my suster, in Jesus' Naam. Amen.

[Die suster praat—Red.] God gee dit vir jou versoek. Glo jy dit, hy sal weer gesond word. Jy het vir Hom gestaan, en Christus het vir jou gestaan.

Here, in die Naam van Jesus, gee dat ons suster gesond gemaak word. Amen.

Kom, suster. Gaan nou glo?

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

O Here, skenk, in die Naam van Jesus Christus, die genesing van ons suster. Amen.

182 Julle mag dink daardie mense begryp dit nie, maar daar's baie van hulle wat genees word. Nou, dit. . . Ek behoort te weet, behoort ek nie? van hier af. Dis reg.

Here, ek bid dat, in Jesus' Naam, dat hierdie man genees sal word. Amen.

Vader God, ek bid dat U hierdie, ons suster sal genees.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag hierdie vrou genees word. Amen.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word.

God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, laat ons suster genees word.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

183 Wat hier reg agter sit op die punt van hierdie sitplek, daar sit en ly aan asma, glo jy dat Jesus Christus jou sal gesond maak? As jy dit glo met jou hele hart, kan jy dit kry.

184 Kom. Aangename kennis? Vir jou of die baba? Die baba? Wel, dis 'n klein kleutertjie, dit kon nie enigiets verstaan wat ek sou sê nie. Wat van jou, as die moeder? Glo jy dat as God my sou laat weet wat verkeerd is met die baba, sou dit jou geloof groter maak? Ek sien die baba geskadu tot die dood, en dis waarom ek jou wou vra, sodat jou geloof sou opkom om te glo. As God aan my die fout met die baba sal openbaar, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Ek. . . Ek het daardie woord, *profeet* dopgehou voor die gehoor, sien. Sien? Of net iemand wie God is. . . Nie ek nie, ek het niks, net—net eenvoudig 'n instrument wat hier staan.

185 Ek ken jou nie, het jou nog nooit gesien nie, nog nooit jou baba gesien of niks nie, jy weet dis waar, maar as God aan my sal openbaar wat fout is met jou baba, sal jy dit dan glo, sal jy? Dis 'n hartprobleem. Dis reg. En die dokters dink nie dit sal lewe nie. Maar jou dokter het vir jou gesê, as die baba sou lewe tot omtrent 'n jaar oud of 'n bietjie langer, sou hulle daarop probeer opereer. En jy veg hard vir sy lewe omdat jy een verloor het voor hierdie. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo jy dat as ek hande daarop sal lê, dit gesond sal wees?

186 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Wat die lewe van klein Ricky gespaar het, ek bestraf die duiwel wat in hierdie baba is. In die Naam van Jesus Christus, mag dit lewe. Nou, met geloof, plaas ek die Bloed van Jesus tussen hierdie hartprobleme en die baba. In Jesus Christus' Naam. Amen.

187 Mag jou baba nou lewe. Gaan en glo met jou hele hart.

Here, in die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word.

Kom, suster. God seën jou, suster.

Mag sy genees word, Here, in die Naam van Jesus.

Kom nou in geloof, suster, soos jy nader kom, nie ek nie, maar Hy nou, nader die Hoëpriester.

Dierbare Vader God, ek lê hande op haar, in die Naam van die Here Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Mag God jou seën, my suster.

In die Naam van Jesus Christus, ek. . .?. . .vir hierdie ons broer. . .?. . .

God seën jou, my broer.

Kom nou.

188 Dierbare God, my broer op hierdie kruk vanaand, ek bid dat U hom sal genees, en hom sal gesond maak, soos ek hande lê op hom, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Kom jy, suster.

Ek bid, God, met my hele hart dat U ons suster sal gesond maak, in Jesus' Naam.

Here God, ek bid, in Jesus' Naam, dat U hom sal gesond maak.

Ek bid, Vader God, dat U ons broer sal genees en hom gesond sal maak. Amen.

Vader God, ek bid dat, in Jesus' Naam, dat U haar sal gesond maak.

189 Net 'n oomblik. Daar's iets wat bly gebeur hier by die platvorm, dis iemand wat bid vir iemand anders daarbuite. Ek kan dit nie net op daardie tyd kry nie. Hou net aan bid.

Here, ek bid vir suster dat U haar sal genees, in Jesus' Naam.

190 Lyk asof dit van hierbinne af kom. Daar's iemand wat bid vir iemand wat 'n geliefde in 'n hospitaal het wat kolitis het. Hê geloof en glo dit.

In die Naam van Jesus Christus, mag hulle genees word, Here.

Kom, my broer.

191 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van ewigdurende Lewe en Gewer van elke goeie gawe, laat U

seëninge op ons broer rus. In Jesus' Naam, mag hy genees word. Amen.

192 Glo julle? Glo almal met julle hele hart? Sien, liefdevol, eerbiediglik, maar kragdadig is die Heilige Gees hier. Partymaal kry ons Dit deurmekaar deur te sê dat miskien omdat ons 'n seën van die Here het dat dit die krag van die Here is, nee, dis die seën van die Here, die krag van die Here is wanneer Hy beweeg, iets doen, Homself manifesteer. Glo julle dit?

193 Dame, wat daar sit met 'n gewas, besig om te bid, glo jy dat Jesus Christus jou sal gesond maak? As jy dit glo, kan jy dit kry, met jou hele hart. God seën jou. Mag jy nou huis toe gaan en gesond wees.

194 En daar, hierbuite met die maagprobleem, glo jy dat God jou sal gesond maak, wat daarbuite op die punt sit? Glo jy dit? Dan kan jy huis toe gaan en joune kry.

195 As julle net kan glo, sal God groot dinge vir julle doen. Glo julle dit nie? Sekerlik. Nou, hoeveel van julle glo met julle hele hart, dat Jesus Christus, die Seun van God, sit. . . in—in hierdie diens is? Sien? Hierdie is Sy manifestasie.

196 Ek wil hê julle moet hande op mekaar lê, lê nou net julle hande op mekaar, almal van julle wat siek is.

197 O Here, die Skepper van Hemel en aarde, die Outeur van ewigdurende Lewe, en die Gewer van elke goeie gawe, ons is bewus dat U Gees hier is. Die mense wat net diep in hulle longe inasem, want hulle weet die groot Heilige Gees beweeg rond in hierdie gebou, daardie Lig waarna ek kyk, beweeg soos 'n Vuurkolom wat in die gebou hang.

198 O Christus, hulle weet dat U hier is, want U gee dieselfde krag, dieselfde seëninge. En Satan probeer die mense vashou, die enigste manier wat hy dit kan doen, is deur ongeloof. Ek veroordeel hierdie ongeloof!

199 Satan, jy het die stryd verloor, jy's ontbloot, Satan, kom uit hierdie mense uit! In die Naam van Jesus Christus, mag die duiwel wyk, die duiwel van ongeloof! En mag elke persoon hier gesond gemaak word, deur Jesus Christus' Naam.

200 Glo julle met julle hele hart julle is genees? As julle dit doen, staan op julle voete, ongeag wat julle probleem is, staan op julle voete en prys God. Staan op. Dis reg.

201 Gee ons 'n akkoord, *Ek Sal Hom Prys*, suster, *Ek Sal Hom Prys*. Kom nou, almal:

> Ek sal. . .

*Ek Sal Hom Prys*.

> . . . sal Hom prys, ek sal Hom prys,
> Die Lam vir sondaars geslag prys;
> Gee Hom glorie al julle mense,

Want Sy Bloed kan alle sonde wegwas.

Baie hoog nou, laat ons dit oplig en Hom prys vir wat Hy nou gedoen het.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam vir sondaars geslag prys;
Gee . . .

59-0407 Gelei Deur Die Gees
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org